basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye,
'n formuleblad en 'n 12 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Maatskappy Finansiële State	50	45
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	30
3	Vertolking van Finansiële Inligting	45	35
4	Korporatiewe Bestuur	15	10
TOTAAL		**150**	**120**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (50 punte; 45 minute)

Jy word voorsien van die inligting rakende Menzi Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2026. Die maatskappy verkoop twee tipes bluetooth-luidsprekers, naamlik Hidance en Ketwood.

GEVRA:

1.1 **Verwys na inligting B(i).**

Bereken die waarde van eindvoorraad deur gebruik te maak van die spesifieke identifikasiemetode op 28 Februarie 2026. (7)

1.2 **Verwys na inligting C.**

Bereken die totale bedrag van die vaste deposito op 28 Februarie 2026. (5)

1.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2026. (38)

LET WEL:
- Toon ALLE bewerkings tussen hakies.
- Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK gegee.

INLIGTING:

A. Saldo's/Totale op 28 Februarie:

	2026 R	**2025 R**
Vaste bates teen drawaarde	**?**	6 680 600
Vaste deposito	**?**	**?**
Debiteurekontrole	376 700	
Voorsiening vir oninbare skulde	**?**	9 780
Vooruitbetaalde uitgawes	**?**	
Bank (gunstig)	610 300	
Kleinkas	4 700	
Gewone aandelekapitaal	**?**	
Behoue inkomste	820 000	
Lening: DBN Bank	**?**	1 459 200
Krediteurekontrole	392 050	
Opgelope uitgawe	**?**	
Inkomste vooruit ontvang	**?**	
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	493 710	
IT-ondersteuningsdienste	40 320	
Advertensies	36 300	

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

(i) Die volgende inligting is ná die fisiese voorraadopname bekom:

- Verpakkingsmateriaal voorhande van R8 330
- Die voorraadrekords van die bluetooth-luidsprekers het die volgende getoon:

LET WEL: Die spesifieke identifikasiemetode word gebruik om die voorraad bluetooth-luidsprekers te waardeer.

	MODEL	EENHEDE	TOTAAL R
Voorraad voorhande op 1 Mrt. 2025	Hidance	400	
	Ketwood		2 690 000
Aankope	Hidance	575	
	Ketwood		3 819 800
Terugsendings	Hidance	66	
Voorraad voorhande op 28 Feb. 2026	Hidance	89	**?**
	Ketwood	**?**	**?**

Verkope en koste van verkope

- **Hidance:** eenhede is teen R7 105 elk verkoop
- **Ketwood:** koste van verkope is as R5 519 880 bereken

Winsopslagpersentasie:

- **Hidance:** goedere word teen 45% op kosprys gemerk

(ii) 80% van die jaarlikse bedrag vir IT-ondersteuningsdienste is betaal.

(iii) Advertensies bestaan uit 'n halfjaarlikse kontrak met die plaaslike koerant vanaf 1 Augustus 2025. Op 1 Februarie 2026 is 'n hernude sesmaande-kontrak, met 'n maandelikse verhoging van R450, betaal.

(iv) 'n Verskaffer vir wie Menzi Bpk. R5 200 skuld, het versoek dat hierdie saldo na hulle Debiteurerekening oorgedra word, aangesien hulle ook by Menzi Bpk. aankoop.

(v) **Aandele en dividende:**

- Op 28 Februarie 2026 is daar 1 260 000 aandele uitgereik.
- Finale dividende van 23 sent per aandeel is op 28 Februarie 2026 verklaar. Dit moet in berekening gebring word.

C. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026:

	R
Bedryfsinkomste	
Voorsiening vir oninbare-skulde-aansuiwering	2 680
Huurinkomste	196 620
Bedryfsuitgawes	
Waardevermindering	395 600
Bedryfswins	
Rente op vaste deposito	36 000
Netto wins voor rente-uitgawe	
Rente op lening	(207 000)
Netto wins voor belasting	
Inkomstebelasting	(516 150)
Netto wins ná belasting	1 204 350

LET WEL: Die inligting hieronder is in die staat hierbo in ag geneem.

(i) Voorsiening vir oninbare skuld het afgeneem.

(ii) **Vaste deposito: Umlazi Bank**

- Menzi Bpk. het op 1 Junie 2025 'n addisionele vaste deposito teen 'n rentekoers van 7,5% per jaar gemaak, wat dieselfde koers as die bestaande belegging is.
- Die rente verdien op die nuwe belegging vir hierdie finansiële jaar was R6 750.
- Rente op vaste deposito word nie gekapitaliseer nie.

(iii) **Huurinkomste**

'n Huurder, AYA Electronics, huur 'n gebou. Op 1 September 2025 is 'n tweede kontrak gesluit om 'n soortgelyke gebou teen dieselfde tarief te huur. Menzi Bpk. het ingestem om die maandelikse huur vir beide geboue met 5% te verlaag met die onmiddellike aanvang van AYA Electronics se tweede kontrak. Die huur vir Maart 2026 is reeds ontvang.

(iv) **Lening: DBN Bank**

- Die jaarlikse terugbetaling vir die volgende finansiële jaar sal R291 840 beloop. Die terugbetalings, rente ingesluit, is vir die volle duur van die termyn vasgestel.
- Gekapitaliseerde maandelikse rente vir die volgende finansiële jaar behoort R15 100 te beloop.

D. Kapitaal aangewend:

Die totale kapitaal aangewend vir die finansiële jaar het R8 383 720 beloop.

50

VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

(40 punte; 30 minute)

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Waardevermindering word as 'n uitvloei van kontant beskou, aangesien dit 'n uitgawe is.

2.1.2 'n Afname in voorraad sal 'n invloei van kontant tot gevolg hê.

2.1.3 'n Toename in betaalbare bedrae sal 'n uitvloei van kontant tot gevolg hê. (3 x 1) (3)

2.2 **METRO BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2026.

GEVRA:

2.2.1 Voltooi die Behoue-inkomste-nota op 31 Maart 2026. (8)

2.2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat op 31 Maart 2026. (18)

LET WEL:
- Toon ALLE bewerkings tussen hakies.
- Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK gegee.

2.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Maart 2026:

- Skuld-ekwiteit-verhouding (4)
- Netto batewaarde per aandeel (3)
- Vuurproefverhouding (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste op 31 Maart 2026:

	R
Verkope	8 500 000
Rente-uitgawes	126 800
Inkomstebelasting (28% van netto wins)	952 000

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 31 Maart:

	2026 R	**2025 R**
Vaste bates (drawaarde)		
Vaste deposito	540 000	760 000
Bedryfsbates	**1 712 650**	**1 583 000**
Voorraad	405 430	884 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	**?**	605 200
SAID: Inkomstebelasting	0	81 000
Kontant en kontantekwivalente	**?**	12 800
Aandeelhouersekwiteit	**?**	**8 006 000**
Gewone aandelekapitaal	10 416 000	7 020 000
Behoue inkomste	**?**	986 000
Niebedryfslaste	**2 252 800**	**3 027 300**
Bedryfslaste	**2 178 700**	**2 462 850**
Handels- en ander betaalbare bedrae	856 500	1 599 000
Aandeelhouers vir dividende	1 302 000	741 000
SAID: Inkomstebelasting	20 200	0
Bankoortrekking	0	122 850

C. Aandele en dividende

- Die gemagtigde aandelekapitaal het uit 3 000 000 gewone aandele bestaan.
- 65% van die gemagtigde aandelekapitaal is op 1 April 2025 reeds uitgereik.
- 450 000 addisionele aandele is op 30 Junie 2025 teen R10 per aandeel uitgereik.
- 'n Interim (Tussentydse) dividend van 42 sent per aandeel is op 30 September 2025 betaal.
- 230 000 aandele is op 31 Januarie 2026, teen 25% bo die gemiddelde aandeleprys op hierdie datum, teruggekoop.
- 'n Finale dividend van R1 302 000 is op 31 Maart 2026 verklaar.

40

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (45 punte; 35 minute)

Die inligting het betrekking op Refined Interiors Bpk., 'n publieke maatskappy wat spesialiseer in die verkoop van 'n verskeidenheid vloer- en muurteëls, asook ander kombuistoebehore. Die finansiële jaar het op 31 Maart 2026 geëindig.

GEVRA:

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:

- Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal
- 'n Rede of 'n verduideliking vir die relevante finansiële aanwysers gee

3.1 **Winsgewendheid/Bedryfsdoeltreffendheid:**

- Verduidelik hoe die verandering in die winsopslagpersentasie die maatskappy bevoordeel het. Noem EEN punt met syfers. (2)
- Die direkteure is van mening dat die maatskappy se bedryfsuitgawes doeltreffend bestuur word. Verduidelik en haal TWEE finansiële aanwysers aan om hulle mening te ondersteun. (4)

3.2 **Likiditeit:**

- Die direkteure is tevrede met die maatskappy se kredietbeleid. Verduidelik en haal TWEE relevante finansiële aanwysers aan om hierdie stelling te regverdig. (4)
- Die direkteure is nie bekommerd oor die afname in die vuurproefverhouding nie, want hulle voel dat die maatskappy steeds in 'n gunstige likiditeitsposisie is. Verduidelik en haal EEN ander relevante finansiële aanwyser aan om hulle mening te ondersteun. (3)

3.3 **Opbrengs, verdienste en dividende:**

- Lewer kommentaar op waarom die aandeelhouers met die opbrengs op hulle belegging tevrede behoort te wees. Verduidelik en haal EEN finansiële aanwyser aan. (3)
- Die verdienste per aandeel (VPA) is hoër as die dividende per aandeel (DPA). Verduidelik waarom die aandeelhouers met die DPA tevrede sou gewees het. Noem TWEE punte met syfers. (4)

3.4 **Aandelewaarde:**

- Verduidelik wat die 'netto batewaarde' per aandeel weerspieël. Noem EEN punt. (2)
- Gee TWEE redes waarom die aandeleprys op die aandelebeurs baie hoër as die netto batewaarde per aandeel vertoon. (4)

3.5 **Risiko en hefboom:**

Verduidelik waarom dit wys sal wees as Refined Interiors Bpk. in die toekoms meer dikwels van lenings gebruik maak. Verduidelik en haal TWEE finansiële aanwysers aan. (4)

3.6 **Aandeelhouding:**

Verwys na inligting C, D en E.

Die direkteure het gedurende die finansiële jaar 750 000 nuwe aandele uitgereik.

- Bereken die uitreikprys per aandeel waarteen die nuwe aandele uitgereik is. (3)
- Bereken die getal nuwe aandele wat Nabeel aangekoop het. (4)
- Gee EEN moontlike rede (met syfers) waarom Nabeel besluit het om die nuwe aandele te koop. (2)

3.7 **Kontantvloei:**

Verwys na inligting B.

Die direkteure is tevrede met die maatskappy se netto verandering in kontantvloei op 31 Maart 2026. Verduidelik waarom hulle dit as 'n doeltreffende manier beskou om kontant in die bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite te hanteer. Gee EEN rede vir elk met syfers. (6)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart:

	2026 R	**2025 R**
Verkope	78 255 000	70 720 000
Koste van verkope	(43 475 000)	(44 200 000)
Bruto wins	34 780 000	26 520 000

B. Uittreksel uit die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Maart:

	2026 R	**2025 R**
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	5 200 000	1 255 000
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(2 947 000)	(594 000)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	10 000 000	6 860 000
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente	12 253 000	7 521 000

C. Aandele van Refined Interiors Bpk. uitgereik op 31 Maart:

	2026	**2025**
Getal aandele uitgereik	3 000 000	2 250 000
Gemiddelde aandeleprys	R7,75	R5,00
Gewone aandelekapitaal	23 250 000	11 250 000

D. Aandeelhouding van Nabeel Sammie, 'n aandeelhouer, in Refined Interiors Bpk. op 31 Maart:

	2026	**2025**
Getal aandele	**?**	787 500
% aandeelhouding	40%	35%

E. Finansiële data, finansiële aanwysers, markpryse van aandele, rentekoerse en inflasiekoerse soos op 31 Maart:

	2026	**2025**
Winsopslag-%	80%	65%
% bedryfsuitgawes op verkope	16,1%	15,6%
% bedryfswins op verkope	28%	22,5%
% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	29,8%	17,6%
% opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	35,3%	23,7%
Verdienste per aandeel (VPA)	141 sent	78 sent
Dividende per aandeel (DPA)	106 sent	56 sent
Dividenduitbetalingskoers	75%	72%
Netto batewaarde per aandeel (NBW)	522 sent	433 sent
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,1 : 1	0,2 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1	1,2 : 1
Voorraadomsetsnelheid	6,2 keer p.j.	3,9 keer p.j.
Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode	29 dae	34 dae
Gemiddelde krediteure-betalingsperiode	75 dae	68 dae
Rentekoers op lenings	11,5%	12,5%
Rentekoers op vaste deposito's	8%	8,5%
Markprys per aandeel op aandelebeurs	1 667 sent	1 150 sent
Inflasiekoers	5,2%	5%

45

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 10 minute)

'n Uittreksel uit 'n plaaslike koerant is aangepas en voorgelê. Gebruik die inligting voorgelê en jou kennis oor maatskappye om die vrae te beantwoord.

GEVRA:

4.1 Verduidelik die rolle en verantwoordelikhede van die volgende in 'n maatskappy:

- Raad van direkteure/Direksie
- Vergoedingskomitee

Noem EEN punt in ELKE geval. (2)

4.2 Identifiseer die tipe onetiese en onwettige gedrag waaraan Jeppy homself skuldig gemaak het. (1)

4.3 Verduidelik kortliks TWEE maniere waarop Jeppy se optrede die maatskappy moontlik kan beïnvloed. (4)

4.4 Maak TWEE aanbevelings wat die ander direkteure aan die raad van direkteure en vergoedingskomitee moet voorlê in reaksie op Jeppy se gedrag. (4)

4.5 Effektiewe korporatiewe bestuur kan die risiko van onetiese optrede deur direkteure verminder.

Noem TWEE probleme wat met betrekking tot Top D Bpk. geïdentifiseer is en gee 'n oplossing vir ELK. (4)

INLIGTING:

TOP D BEPERK

Jeppy Kash was 'n uitvoerende direkteur van Top D Bpk., 'n publieke maatskappy wat op die aandelebeurs genoteer is. Hy het bewus geraak van vertroulike, pryssensitiewe inligting rakende 'n reuse kontrak wat aan die maatskappy toegeken is. Hierdie kontrak sou aansienlik hoër opbrengste weerspieël as wat vir die komende kwartaal verwag word.

Voordat hierdie inligting openbaar gemaak is en die positiewe verdienste aangekondig is, het Jeppy Kash besluit om 'n groot aantal van die maatskappy se aandele te koop.

Nadat sy optrede aan die lig gekom het, het die ander direkteure ernstige kommer uitgespreek en 'n dringende raadsvergadering versoek, wat die vergoedingskomitee ingesluit het, sodat die saak bespreek kon word.

15

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

GRAAD 12-REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handels- & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

LET WEL:
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou